NOTES FROM PRACTICE

UIT DIE PRAKTYK

# DIT IS MOONTLIK OM U KIND SE AANPASSING BY DIE DAGSORGINSTANSIE TE VERGEMAKLIK


## ABSTRACT

This research deals with the development of a guideline for parents to facilitate the adjustment process of the young child in a daycare centre. The aim of the guideline is to prepare the child for and guide him or her through this adjustment process by using play therapy methods and techniques from the gestalt approach. In order to achieve this aim, the researcher has set out a workable guideline and followed it during the empirical study.

As the basis for this research, theoretical explorations of the gestalt approach, the development stages and means of play were undertaken in order to use the findings in the implementation of the guideline.

The explanatory research method was used in this study. Suggested mediums were described and implemented during the empirical study. A workable guideline was developed to facilitate the adjustment process for the young child in the daycare centre that will have practical value in play therapy.


## INLEIDING

Vanaf ongeveer die sestigerjare het beide ouers in 'n toenemende mate tot die arbeidsmark toegetree. Die gevolg was dat daar toenemend gereël moes word vir daaglikse alternatiewe sorg vir die kind (vergelyk McGurc, Caplan, Hessenssy & Moss, 1992:3; McMahon 1994:175).

Daar is egter nog leemtes met betrekking tot die aanpassing van die kind by die dagsorginstansie. Dit kan vir beide die ouer en die kind 'n uiters traumatiese ervaring wees. Ouers wat na hul werk terugkeer, beleef soms ambivalente gevoelens omdat hulle hul kind by 'n vreemde persoon vir sy versorging gelaat het. Die ouer se keuse om tot die arbeidsmark toe te tree, is nie slegs finansieel geïnspireerd nie, maar ook om haar eie potensiaal ten volle te benut. Tog kan haar eie emosionele ontwrigting as gevolg van die skeiding so intens wees dat sy nie in staat is om die kind se moeilike aanpassing ook nog te hanteer nie. Gevoelens van angs, hartseer en onsekerheid word deur beide die ouer en die kind ervaar (McMahon 1994:176). Hierdie gevoelens van die ouer en die kind kan egter verlig word indien die ouer die kind kan voorberei op en begelei in die aanpassingsproses by die dagsorginstansie.

Kinders ervaar baie meer vrese as wat algemeen aanvaar word en ouers spandeer baie tyd en energie om die vrese te verduidelik, eerder as om dit te aanvaar en daarmee te werk. Kinders het die behoefte om oor hul vrese te praat. Sommige vrese is op vals idees en ander op die werklike situasies gebaseer. Al die vrese moet egter erken, aanvaar en gerespekteer word. Slegs dan kan die kind die vermoë ontwikkel om dit te hanteer (Oaklander 1978:238).

Vanuit die studie wil dit tog voorkom of die ouer met groot sukses die kind genoegsaam op die inskakeling by die dagsorg kan voorberei deur 'n reeks praktiese stappe te volg. Sodoende word die inskakeling vir beide die ouer en die kind minder traumaties.



CamScanner

## NAVORSINGSMETODOLOGIE

In die studie is daar van ontwikkelingsnavorsing gebruik gemaak. Dit is die stelselmatige aktiwiteit waarbinne bestaande kennis wat deur navorsing en praktiese ervaring verkry is, benut en geëvalueer word. 'n Deeglike studie is van nasionale en internasionale literatuur gemaak. Die ervaring van kenners op die gebied is deur middel van onderhoude ingesamel. Al hierdie inligting en kennis is geëvalueer, en daarna benut in die samestelling van 'n praktiese handleiding om ouers te help om hul kinders voor te berei op die inskakeling by 'n nuwe dagsorginstansie.

Daar is van die verkennende ontwerp gebruik gemaak. Volgens Grinnel en Williams (1990:140) word die verkennende model gebruik vir die voorbereidingswerk sodat meer sistematiese navorsing in 'n veld waar daar nog min navorsing gedoen is, verseker word. Sover bekend, is daar nog tot op hede geen navorsing gedoen oor die samestelling van 'n aanpassingshandleiding vir die voorskoolse kind by die dagsorginstansie nie. 'n Verdere fokus van die verkennende studie is om ondersoek in te stel na die uitvoerbaarheid van die navorsing oor die betrokke onderwerp (Grinnel & Williams 1990:140). In hierdie studie word daar ondersoek ingestel na die behoefte aan 'n aanpassingshandleiding en moontlike spelvorme wat doeltreffend betrek kan word.

Tydens hierdie studie is die volgende hipotese geformuleer: Wanneer die praktiese handleiding ten opsigte van die voorskoolse kind in 'n dagsorginstansie suksesvol deur die ouers toegepas word, sal die aanpassing van die kinders vergemaklik word.

Alhoewel die verkennende studie nie op meting fokus nie, is daar wel as gevolg van die aard van die onderwerp van meting gebruik gemaak.

Al die inligting is in 'n praktiese handleiding geïnkorporeer. Die handleiding is getoets ten opsigte van 10 kinders in die ouderdomsgroep 3–5 jaar, en die kinders is op 'n ewekansige wyse vanuit verskillende dagsorginstansies geselekteer. Die implementering van die handleiding is voorafgegaan en opgevolg deur 'n evalueringsvraelys en onderhoude waartydens dit geblyk het dat die handleiding wel 'n positiewe bydrae gelewer het ten opsigte van die aanpassing van die kind by die dagsorginstansie.

## LITERATUUROORSIG

Die terapeut se benadering tot die terapie bepaal hoofsaaklik die aard van die tegnieke wat tydens die terapie gebruik sal word. Volgens Yontef en Simkin (in Corsini & Wedding 1989:323) leer die gestaltbenadering die terapeut en die kliënt die fenomenologiese metode van bewustheid, waarneming en emosie. Die navorsing is vanuit die gestaltbenadering gedoen en die handleiding is 'n samestelling van gestalttegnieke.

Voordat daar egter op die inhoud van die aanpassingshandleiding gefokus kan word, moet daar eers aandag gegee word aan die gestaltperspektief op die kind binne die aanpassingsituasie. Volgens Passons (1975:18) is die kernoorsaak juis die verlies aan 'n gevoel van beheer by die mens om sy probleme te hanteer. Beheer word van die kind ontneem wanneer "ander" oor sy versorgingsposisie besluit, sonder dat hy voorberei word op of deel het aan die besluit. Beheer moet dus aan die kind teruggegee word deur hom deel te laat neem aan die besluit en hom op die uitvoering van die besluit voor te berei. Die doel van die handleiding is tweeledig van aard, naamlik om beheer aan die kind terug te gee en om gevoelens te ontlaai. Volgens Van der Merwe in Schoeman en Van der Merwe (1996:7) verskil die kommunikasiestyl van die kind en die van die volwassene daarin dat nie-verbale kommunikasie en fantasie by die kind 'n prominente rol speel wat veral deur spel na vore kom.



CamScanner

## AANPASSINGSHANDLEIDING

Dit het tydens die empiriese studie duidelik geword dat die gestaltbenadering en die verskillende spelvorme uiters suksesvol in die aanpassingstydperk toegepas kan word.

Alhoewel die spelvorme nie deur 'n terapeut toegepas word nie, het dit wel terapeutiese waarde. Die kind word nie slegs op die inskakeling voorberei nie, maar kry ook die geleentheid om voor die inskakeling sy gevoelens daaromtrent deur te werk.

## HANDLEIDINGRAAMWERK

| | |
|---|---|
| Kinderverhaal: | Lig die kind in oor die inskakeling by die dagsorginstansie. |
| Teken: | Moedig die kind aan om tekeninge van die dagsorginstansie te maak met die oog op gevoelsontlading. |
| Lewensboek: | Maak 'n boek waarin alle fasette van die dagsorginstansie op 'n prettige wyse gehanteer word. |
| Bekendstellingsbesoek: | Voordat die kleuter moet inskakel, word hy op 'n nie-bedreigende wyse aan die dagsorgopset en personeel voorgestel. |

Vervolgens sal daar op elke deel van die handleiding gefokus word.

### Kinderverhaal

Volgens Jennings (1993:177) kan die verhaal vertel, geteken of gedramatiseer word. Bestaande literatuur kan gebruik word of 'n storie wat by die kind, die situasie en die probleem pas, kan geskep word. Dit is belangrik dat die karakter in die storie met 'n soortgelyke probleem gekonfronteer word, bepaalde emosies daaroor ondervind en konstruktiewe probleemoplossende vaardighede aan die dag lê om die probleem op te los.

Tydens die toetsing het die ouers die verhaal baie prettig en uiters suksesvol gevind. Daar is volgens die ouers 'n deurlopende kommunikasiekanaal geopen waardeur die moeilike onderwerp gehanteer is.

### Teken

Dit kom algemeen in die kinders se tekeninge voor dat emosies uitgebeeld word. Dit is 'n nie-bedreigende wyse om met die kind se emosies om te gaan. Aangesien dit moeilik is om verbaal met die kind te kommunikeer, dui Miller, Veltkamp en Jansen (1987:48-49) daarop dat tekeninge juis in hierdie gevalle van groot waarde is. Wanneer die kind inligting van die dagsorginstansie ontvang, is dit belangrik dat die gevoelens omtrent die inligting verwerk sal word. Hierdie hantering van emosie kan voor en tydens die inskakeling by 'n dagsorginstansie plaasvind. Dit is belangrik dat die kind die geleentheid kry en aangemoedig word om sy emosies te projekteer.

Tydens die toetsing is die ontladingstegniek met sukses toegepas en is dit selfs met kleispel afgewissel. Dit is deurlopend toegepas en dit was vir die ouers insiggewend namate die kind se vordering in die tekeninge waargeneem kon word.

### Bekendstellingsbesoek aan die dagsorginstansie

Wanneer die kind volledig oor die dagsorginstansie ingelig is en gevoelens daaromtrent aangespreek is, is dit belangrik dat die bekendstellingsbesoek aan die dagsorg-opset, die maats en die sekondêre versorger die volgende stap in die voorbereidingsfase is.



CamScanner

Volgens Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1996:41) maak die mens kontak deur sy betrokkenheid by en ervaring van sy omgewing. Die besoek help die kind om homself binne sy nuwe omgewing te oriënteer. Die ervaring om alles te sien, te ruik, te hoor en te ervaar, gee aan hom die geleentheid om al die nuwe inligting steeds binne die veilige omgewing van sy ouers se teenwoordigheid te absorbeer en deel van hom te maak.

Die besoek is uiters suksesvol deur al die ouers ervaar. Die sukses van die besoek is wel beïnvloed deur die rustigheid en die beskikbaarheid van die onderwyseres.

**Lewensboek**

Volgens Van der Merwe in Schoeman en Van der Merwe (1996:117) is die lewensboek die visuele en geskrewe rekord wat belangrike inligting van die kind se lewe bevat. Die lewensboek kan gebruik word om die kind te help om hom ten opsigte van die veranderinge in sy lewe te oriënteer. Dit help hom om tred te hou met die veranderings in sy lewe en om sy lewe te beplan. Alhoewel die lewensboek gebruik word vir kinders wat in alternatiewe sorg geplaas word, is dit met groot sukses tydens die aanpassingsproses toegepas.

Die lewensboek is 'n samestelling van alle aspekte van die dagsorgopset, en wel op 'n visuele en konkrete wyse. Die boek kan begin by die verhaal wat gebruik is en uitgebeeld word deur tekeninge wat selfs ingekleur kan word. Dit kan ook tekeninge wat hy self gemaak het, bevat. Die dagsorginstansie kan gevra word vir 'n "grondplan" van die dagsorg. 'n Foto van die dagsorg, personeel, maats en speelgrond kan ingesluit word asook 'n spesiale aandenking van die sekondêre versorger. Die dagroetine en liedjies wat vooraf ingeoefen kan word, kan ook deel uitmaak van die boek.

Om te verseker dat daar bekende skakeling is met die huis wanneer hy reeds in die dagsorg is, kan die boek ook foto's bevat van die ouers.

Nie net is die lewensboek baie deur die ouers en die kinders geniet nie, maar dit was ook van groot waarde vir die sekondêre versorgers aangesien dit as 'n aansluitingspunt op die eerste dag dien.

**Algemeen**

Die aanpassingshandleiding hou nie slegs groot waarde in vir die kind se aanpassing by die nuwe dagsorginstansie nie, maar dit bied aan die ouers die geleentheid om gevoelens van onsekerheid, skuld en hartseer te verwerk. Dit bied ook aan die ouers die genoegdoening om die aanpassing vir die kind te vergemaklik. Beheer word dus aan die kind en die ouer teruggegee.

## GEVOLGTREKKING

Dit wil voorkom asof beheer van die kind ontneem word indien hy nie voldoende voorberei word op die inskakeling by die dagsorginstansie nie. Beheer kan wel aan die kind teruggegee word deur die toepassing van die aanpassingshandleiding. Die gestaltbenadering en –spelvorme blyk uiters suksesvol te wees in die voorbereiding van die kind op die dagsorginstansie. Die ouer kan aktief betrokke wees in die proses om die aanpassing van die kind by die dagsorginstansie te vergemaklik. Van die ouer se eie gevoelens kan tydens die proses hanteer word. Die inskakeling by die dagsorg kan vir beide die ouer en die kind 'n prettige en samebindende proses wees.

## AANBEVELINGS

Opvolgstudies ten opsigte van die toetsing van die handleiding kan verdere toepassingsmoontlikhede hê.



CamScanner

Die moontlikheid om die handleiding in die vorm van 'n lewensboek aan die dagsorginstansies en aan ouers bekend te stel, kan ondersoek word.

## TEN SLOTTE

Dit is byna onmoontlik om te verhoed dat kinders by 'n dagsorginstansie versorg moet word. Dit is vir beide die ouer, kind en die sekondêre versorger 'n traumatiese ondervinding. Die kind het baie besondere aanpassingsbehoeftes wat uiters doeltreffend aangespreek kan word deur die kind doeltreffend op die inskakeling voor te berei. Die aanpassingshandleiding bied wel die nodige riglyne om die ouer in die proses te begelei.

## BIBLIOGRAFIE


GRINELL, RM 1981. **Social research and evaluation.** Illinois: FE Peacock Publishers.

JENNINGS, S 1993. **Play therapy with children: A Practitioner's guide.** USA: Blackwell Scientific Publications.

McGURC, H; CAPLAN, M; HENNESSY, E & MOSS, P 1992. Assosiation for Child Psychology and Psychiatry. Controversy, Theory and Social Context in Contemporary Day Care Research, 6 Julie, 3 – 19.

McMAHON, L 1994. Early child development and care. **Responding to Defences against Anxiety in Daycare for Young Children,** 97(20):175-184.

MILLER, TW; VELTKAMP, LJ & JASON, D 1987. Projective measures in the clinical evaluation of sexually abused children. **Child Psychiatry and Human Nature,** 18(1):47-57.

OAKLANDER, V 1988. **Windows to our children: A gestalt therapy approach to children and adolescents.** New York: The Gestalt Journal Press.

PASSONS, WR 1975. **Gestalt approaches in counseling.** New York: Holt, Rinehart and Winston.

SCHOEMAN, JP & VAN DER MERWE, M 1996. **Entering a childs world: A play therapy approach.** Pretoria: Kagiso Publishers.

YONTEF, GM & SIMKIN, JS 1989. Gestalt therapy. **In:** CORSINI, RJ & WEDDING, D 1989. **Current psycotherapies.** (4th ed) USA: Library of Congress.



*Me E Gous & Dr JP Schoeman,*
*Departement Maatskaplike Werk,*
*Universiteit van Pretoria*




CamScanner